## 8 April Psalm 23:3; Genesis 4:6-8

### *Die Here is my Herder - Hy lei my op die regte paaie deur my teen*

**sonde te waarsku**

Speel met vuur en die risiko is hoog dat jy jou hande verbrand. So is dit ook met sonde. Daarom waarsku die Here as ons Goeie Herder ons teen sonde. In die beeld van die Herder en sy kudde beskryf die digter van Psalm 23 die Herderskap van God. As Herder beskerm en versorg Hy sy kudde. Hy lei sy kudde op die regte pad. Dit is noodsaaklik dat die kudde Hom volg. Hy vestig sy kudde se aandag voortdurend op gevare. Die Here beskerm sy kinders deur ons voortdurend teen sonde te waarsku.

In sy optrede teenoor Kain leer ons baie oor die Here se herderskap hoewel Hy daar nie direk "Herder" genoem word nie. As die Herder wat omgee, waarsku Hy Kain teen die gevaar van sonde en wys die regte pad: Heers oor die sonde! Maar Kain het hom nie daaraan gesteur nie.

Ons het die Bybel as die riglyn vir ons lewe. Ons hoor elke Sondag die wet van die Here met die doel om uit dankbaarheid daarvolgens te leef. So word ons gewaarsku om op die regte pad te loop. Hoe meer ons buite daardie riglyne beweeg hoe nader is ons aan die vuur en hoe groter is die risiko om seer te kry. Ons Herder waarsku ons betyds. Luister na Hom! Vertrou Hom!

Sing: Psalm 91:1, 2

Dr. J. le Roux (Pretoria-Brooklyn)